

Sing vooraf staande: Psalm 32:6 (p. 153)

6 Regverdiges, laat hoor die blye tyding! / Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,
'n sang wat juig oor skuldvergifenis. / Sing, wie opreg van hart en wandel is!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 100:1-4 (p. 494)

- | | |
|---|---|
| 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 34:6 (p. 167)

6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Skriflesing: 2 Korintiërs 12

Teks: 2 Korintiërs 12:9

... My genade is vir jou genoeg ... (2 Korintiërs 12:9a AFR53)

Die gemiddelde mens is maar taamlik omgekras as dit in die lewe nie gaan soos ons wil
hê dat dit moet gaan nie.

- Ons is altyd baie ongeduldig met iets wat nie inpas by ons persoonlike smaak nie.
- Baie keer hoor mens gelowiges sê dat dit nie help om te bid nie, want jou gebed
word tog nie verhoor sodat jy kan kry wat jy wil hê nie.

Paulus was in presies so 'n situasie. Hy was bitterlik opstandig oor iets wat hom gepla het.

- Dit was vir hom soos 'n doring wat in sy liggaam ingedruk word.
- Hy het die Here ook gebid om hierdie ding weg te neem, maar die Here wou glad
nie.
- Die Here het bloot gesê: **My genade is vir jou genoeg.**

Paulus het die ding wat hom pla, beleef asof die engel van die satan hom in sy gesig
slaan, maar al wat die Here daarop te sê gehad het, was: **My genade is vir jou genoeg.**

Kom ons kyk na hierdie gedeelte van vers 1 af.

- Daar is mense wat baie grootpraat oor wat hulle alles in die lewe kan regkry.
- Dieselfde mense praat ook gewoonlik baie groot oor hulle geloof en waartoe hulle alles in staat is.

Paulus val reguit weg en sê dat dit beslis nie nuttig is om op daardie vlak te roem nie.

- Hy kan in elk geval nie roem oor sy eie suksesse nie.
- Hy het wel groot dinge in sy geloof belewe, maar dit was nie dinge wat hy self reggekry het soos wat die grootpraters van hulleself beweër nie.

Dan begin hy vertel van sy bekering.

- In die vertelling lyk dit asof hy van 'n ander mens praat as hyself, maar die rede daarvoor is bloot omdat hy dit duidelik wil stel dat hy van sy kant af geen deel gehad het aan hierdie wegruk na die hemel toe nie.
- God het dit alles gedoen.

Hy stel dit baie duidelik dat iemand wat in Jesus Christus ingelyf is, en werklik deel het aan Christus se weldade, nie met hierdie soort van roem rondloop asof jy persoonlik iets bereik het nie.

Dit is waarom daar in vers 3 staan dat hy nie weet of hy met sy liggaam of met sy siel weggeruk was nie.

- Hy – Paulus – is heeltemal swak in hierdie saak!
- Hy was, menslik gesien, heeltemal in 'n toestand van onvermoë toe God hierdie dinge aan hom geopenbaar het.

In vers 4 word dit weer 'n keer gestel dat 'n mens roem werd is as jy een is met Christus, en deur die Here gebruik word om die heerlijkheid van God te openbaar.

- Maar wat van Paulus as mens? Hy is tog mens ook? Waar pas hy self in die prentjie van al die Godsopenbaringe wat met hom gebeur het?
- Daarby moet ons net onthou dat daar 'n paar sulke openbaringe was, soos
 - toe hy op pad was na Damaskus toe en 'n lig hom omstraal het (Handelinge 9:3vv),
 - die gesig van die man van Macedonië te Troas (Handelinge 16:9), en
 - die woorde van 'n engel van God tydens die storm (Handelinge 27:24).

In vers 5 vertel hy dat hy van sy menslike kant af in swakhede vasgevang sit. En, snaaks genoeg, hy roem daarin!

- Die dinge wat ons so irriteer was dus ook deel van Paulus se lewe – hy het ook dinge gehad wat nie na sy smaak was nie!
- Hy kon ook net roem in dinge soos gebrek, siekte, tekortkominge, swakheid, eie omstandighede waarin daar dinge is wat onwenslik is.
- Dis maar dieselfde dinge wat by ons ook pla.

Maar Paulus se benadering verskil van ons s'n: Hy is bly oor hierdie dinge!

- Hy het egter nie aan die begin so gevoel nie!
- Hy moes ook maar die lang pad loop om eers by hierdie siening te kom.
- In vers 6 sê hy dat hy maklik kon roem, maar hy laat dit liever daar, net vir ingeval iemand hom daarvoor gaan oorskat.

Vers 7 behandel die draaipunt van die saak. Paulus het 'n baie ernstige belemmering gehad wat die Here oor hom beskik het.

- Paulus was ook baie ontevrede daaroor, want dit het vir hom gevoel soos die engel van die satan wat hom slaan.
- Paulus het selfs drie keer gebid dat die Here die betrokke belemmering van hom af moet wegvat.
- Maar die Here wou nie, want die Here het dit gebruik om Paulus op sy knieë te hou.

Uiteindelik besef Paulus die waarheid van die Here se woorde aan hom: **My genade is vir jou genoeg.**

- Jou opstandigheid is nie waaroor dit gaan nie.
- Jou eie gemak is ook nie waaroor dit gaan nie.
- Dit gaan oor die Here se genade waaronder en waarmee jy lewe.

Nou begin mens Paulus se standpunt verstaan: As hy alles gerieflik en na sy smaak gehad het, was sy stryd weggesny.

- Dan was hy ook uitgesny uit die genade van God uit.
- God stuur die beproewinge, nie om die beproewing die hoofsaak te maak nie, maar om die beproewing te benut om God se genade oor jou uit te giet.

Paulus het nie die oomblik toe hy berusting gevind het, meteens ontslae geraak van sy irritasie nie.

- Dit wat vir hom onaangenaam was, het gebly, sodat hy in die feit dat hy dit moes oorkom en daarmee moes saamleef, God se genade kon belewe.
- Die beginsel van die saak is bloot dat die Here oor enige mens 'n kwellings of kwellings kan beskik wat hom voortdurend kortwiek en belemmer – maar sodat ons juis die genade van die Here daarin kan ervaar wanneer die dinge wat ons lewe moeilik maak, ons nie vernietig nie.

Wat Paulus se probleem was, weet niemand nie. Dis ook nie belangrik om dit te weet nie.

- Wat wel belangrik is, is dat God hierdie saak gebruik het om Paulus te keer dat hy nie op die verkeerde manier begin roem oor sy eie belangrikheid nie.
- In die hele saak is sy sielslewe so verryk dat hy by die punt kon kom waar hy by sy persoonlike belange verby sy geloof kon sien as 'n gawe van God.

Die wil van God is dus nie altyd om ons te bevry van wat kwel nie.

- Sy wil is dat ons Hom ook daarin moet verheerlik.
- Gewoonlik werk dit met alle mense soos wat dit met Paulus was: Sulke dinge dwing mens dadelik in 'n gebedsworsteling met God in, en dit lei tot geloofsverdieping.

Die genade van God is alles wat jy ontvang het en nog steeds ontvang.

- Dis alles wat jy nodig het om te kan lewe en om God te kan dien.
- Dis ook die dinge waaroor ons opstandig raak, want as ons ernstig is met ons geloof, sal daardie dinge ons nader na God toe laat beweeg – waarin juis die genade van God gesien word.

Mens kan nooit opstandig word en dink dat die lewe onregverdig is met jou nie. Dan beweer jy dat God nie weet wat Hy besig is om met jou te doen nie.

- Die belangrike ding is dat ons moet besef dat die Here vir ons 'n lewenstaak het en dat Hy ons in staat stel om dit te kan doen.

- In Paulus se geval word aangetoon dat dit juis die belemmeringe in sy lewe was wat hom gehelp het om dit goed te doen ook – al het hy nie aanvanklik so gedink nie!

Die res van die vers onderstreep die saak eintlik baie dik: God wil nie werk waar daar van menslike kragte en vermoëns ook sprake is nie.

- Jy moet verdwyn sodat God se werk uitgelig kan word.
- Hy werk waar die mens swak is. So word sy genade dan ook belig.

My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring.

Paulus berus dan in sy gebreke, want die feit dat hy daarmee voortgaan en nog die gemeentes kon bedien, het juis bewys dat die krag van God bo dié van die mens uitstyg, en waar die mens se vermoëns gedaan raak, God met groot gemak steeds sy wil uitvoer!

Die Christusprediking onderstreep dieselfde.

- Van die sondeval af was daar geen mens wat die lewe so kon beheer dat hy net die goeie oor homself kon beskik nie, en dan ook nog aan die einde van sy lewe so volmaak gelewe het dat hy daarop aanspraak kon maak dat God hom in die hemel moet toelaat nie.

Toe kom die Here Jesus Christus en Hy kom leef liggaamlik.

- Die doel daarvan was juis sodat alles wat hom op ons menslike liggame en menslike sielelewe wreek, op Jesus moes neerkom.
- Daarom word Hy ook gekwel deur armoede, honger en dors.
- Hy word ook verag deur die mense, en Hy word selfs gehaat.

Sy toestand was erger as wat enige mens s'n ooit was of kon wees.

- Maar Hy verloor nie die geloof, of die vermoë om God ook te wees nie.
- Uiteindelik gaan Hy vrywillig in die dood in.

Maar, dit was nie waar dit gebly het nie.

- Met hierdie ernstigste belemmering oor Hom het Hy die derde dag opgestaan uit die dood om daarmee aan te toon dat geen beletsel of belemmering Hom kan stuit nie – selfs nie eers die dood wat ons die heel meeste vrees nie.

Dis dan ook waar belydenis van ons geloof en môre se viering van die heilige nagmaal inpas.

Ons geloofsbelydenis bevestig dat ons in die Almagtige God glo wat ons lewens so beskik dat geen beproewings in die lewe onoorkomelike dinge is nie.

- Ons Drie-Enige God beskik oor alles – lewe, dood, plesier, beproewinge, tekortkominge, oorfloed – alles ...
- Met sy dood en opstanding gee Hy die waarborg dat wanneer ons in Hom lewe, hierdie dinge ons nie kan keer om sy wil uit te voer nie, want sy dood was 'n genadedaad wat aan ons bevestig het dat ons op die nuwe aarde sal wees. Hy het self sy genade vir ons volbring.
- Sy kruisdood was in 'n sekere sin selfs 'n demonstrasie dat ons krag betekenisloos is teenoor syne – ons het ons krag nie nodig nie, want sy krag het alles vir ons volbring.
- Sy krag skryf en bepaal die geskiedenis van die hemel en die aarde.

- Sy krag word ook nie gedra deur ons krag nie – Hy bly God, selfs al is ons nie eers daar nie.
- Juis omdat ons swak is, en ook wanneer ons swak is, voer Hy sy wil uit.

Geliefdes, wanneer ons môre nagmaal vier, dan moet ons dit doen sonder opstandigheid oor alles wat ons ontevrede maak.

- Hier aan die nagmaaltafel moet jou eie verwaandheid en jou eie belangrikheid heeltemal vervaag.
- Wat jou met die Here moet verbind, is juis jou eie swakheid.
- Jy kan niks goeds self bewerk nie, en daarom kom jy om uit sy mond te kom hoor dat jy nie nou maar met jou swakheid wegspoel in die hel in nie.

Ons kom aansit omdat ons 'n behoefte het om weer te hoor dat die Here se krag juis ons volkome/volmaakte verlossing bewerk.

- Dat dit so werk dat sy genade ons oorspoel en die werk van die Heilige Gees ons ook deurspoel, sodat ons die geloof behou, en genadiglik die seën van God ook deur ons kwellinge deur kan sien en beleef.

Die Nagmaal môre is die Here se woorde aan elkeen van ons:

My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring.

Amen.

Aflegging van geloofsbelydenis

1. Amelia Karyn Clack
2. Laurette Frances Coetzee
3. Francois Petrus Bredenkamp Coetzee
4. Menanté Joané du Plessis
5. Angelique Erasmus
6. Kevin John Widdows
7. Marc Anthony Widdows

Psalm 134:3, 4 (p. 653)

- 3 Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.
- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Slotgebed

Skrifbelyning 19-1 (47)

- 1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 26 Oktober 2014 Voorbereiding en Belydenisaflegging tydens die eeufees van Clanwilliam